Laerskool Westwood
011 894 6639/0
18 Phillips Weg, Westwood, Boksburg.

Beleid - Departementele Werksboeke

Dit is ‘n aanvullende boek met aanvullende werk.

Dit dien as aanvulling tot :

1. Klassikale gebruik
2. Selfstandige werk
3. Huiswerk
4. RO
5. Ter voorbereiding vir ANA toets wat in September geskryf word

1. Klassikale gebruik
   Indien die boeke vroegtydig vanaf die Departement ontvang word kan sinvolle werk in ag geneem word by beplanning van klassikale werk.
   Werk word nie altyd volgens die gegewe volgorde gedoen nie. Onderwysers sal dit kontroleer.
   -Leerlinge werk in boeke indien hul klaswerk voltooi is. (Aantal bladsye soos deur onderwyser bepaal)
   Die Intersenfase voltooi dit as huiswerk indien dit nie klaar is nie. (Soos in nr. 3 bepaal)
   Grondslagfase voltooi dit later in die klas of word as mondelinge opdrag vir huiswerk gegee.
2. Selfstandige gebruik
   Indien die klasvoog afwesig is, is dit ‘n sinvolle geleentheid om leerlinge selfstandig te laat werk in die boeke.
3. Huiswerk - Opsionele keuse van onderwyser
   Dit word gebruik om inoefening en inskerping van werk te bevorder en selfstandige werksgewoontes aan te kweek. Dit bied aan ouers die geleentheid om te sien op watter vlak leerlinge reeds moet werk en watter werk bemeester is. Werk wat tuis gedoen word, moet deur die ouers gekontroleer en gemerk word. Verbeter indien die werk reeds verkeerd gedoen is. Werk volgens opdrag – mondeling of skriftelik.
   Indien enige deel / dele van die werk wat as huiswerk gedoen is deel uitmaak van assessering (bv. ‘n toets) sal die nasorg deur die betrokke personeellid van die betrokke vak aan leerlinge gegee word. Bogenoemde boeke moet elke dag by die skool wees.
4. RO
   Dit word na keuse gebruik om inoefening te bewerkstellig. Die onderwysers sal dit nasien,
5. ANA toetse
6. Dit is ‘n kleurvolle hersieningsgeleentheid vir ANA toetse wat in September geskryf word.